

BEROEPENUUS— 27 April 2014**Beroepe ontvang**

Dr. JA Erasmus van Odendaalsrus na Phalaborwa

Beroepe bedank

Ds. RA Bain van Cachet na Pietersburg-Noord

Die praktyk van ratifikasie – Art 31 KO (dr. GJ Meijer) (vervolg verlede week)

“Wat op ‘n kerklike vergadering met meerderheid van stemme besluit is, moet as vas en bindend beskou word tensy bewys word dat dit in stryd is met Gods Woord of die artikels van die Kerkorde”. Artikel 31 Kerkorde

Die kommissie se taak is die volgende:

g. Die kommissie se bevinding, nadat hulle die betrokke besluit van die sinode getoets het, dien vervolgens as voorstel op die kerkraad.

h. Met die bespreking van die voorstel toets die hele kerkraad die besluit van die sinode.

Besluite geldig verklaar en aanvaar

• Na gelang van die toets, spreek die kerkraad een van twee uit: óf hy verklaar die besluit van die sinode geldig (dit kom ooreen met die Skrif en die kerkorde), óf hy verklaar dit ongeldig (dit kom nie ooreen met die Skrif en/of die kerkorde nie).

• Hierdie geldig- of ongeldigverklaring moet genotuleer word. Byvoorbeeld: "Die kerkraad verklaar die besluit van die sinode insake ... (Acta, punt...) geldig en aanvaar dit as sy eie besluit."

• Indien die kerkraad 'n besluit geldig verklaar het, is die volgende stap om dit as 'n eie besluit te aanvaar.

• Die bedoeling van die "aanvaarding" moet duidelik gestel word, naamlik dat die kerkraad die besluit van die sinode nou welbewus as sy eie verklaar.

• Indien bevind word dat 'n besluit ongeldig is, moet die redes daarvoor noukeurig in die notule opgeneem word.

• Die volgende stap in geval van ongeldigverklaring is om die bewyse daarvoor - wat reeds genotuleer is - by wyse van 'n beswaarskrif aan die kerkverband bekend te maak.

Besluite uitvoer

• Die besluit van die sinode, wat intussen die besluit van die kerkraad geword het, moet nou uitgevoer word.

• Sommige besluite kan nie in die plaaslike kerk toegepas word nie, byvoorbeeld die sinode se uitspraak oor 'n appèl saak in 'n ander gemeente. In so 'n geval handel die kerkraad nie verder met die besluit nie.

• Sommige besluite kan nie direk uitgevoer word nie, maar moet in gedagte gehou word, byvoorbeeld besluite oor korrespondensie met buitelandse kerke. Dit sou goed wees as die kerkraad vir homself 'n register aanlê waarin sulke besluite opgeteken word, en waarna maklik verwys kan word as dit nodig blyk te word.

• Sommige besluite moet deur funksionaris in die gemeente uitgevoer word, byvoorbeeld die betaling van ramings en verpligte kollektes. Hieraan moet direk aandag gegee word.

• Deur sommige besluite word die hele gemeente geraak, byvoorbeeld liturgiese aangeleenthede. In so 'n geval moet die kerkraad, nadat hy die besluit van die sinode getoets, geldig verklaar en sy eie gemaak (geratifiseer) het, so gou moontlik die gemeente oor sy besluit inlig. Die aangewese weg sou wees dat die kerkraad 'n gemeentevergadering belê en die saak diepgaande met die gemeente bespreek. Sodoende kan die hele gemeente ook onder die indruk van die korrektheid van die besluit kom en van harte deelneem aan die uitvoering daarvan. Die gemeente leer tegelyk insien dat die besluit nie maar net "n sinodebesluit" is wat "van bo af kom" en teen wil en dank uitgevoer moet word nie, maar dat die betrokke besluit hulle eie kerkraad s'n is, wat in die Naam van die Here oor hulle moet regeer.

• Indien 'n lidmaat op grond van Gods Woord of die geldende kerkorde aantoon dat 'n besluit ten onregte deur die kerkraad geldig verklaar en aanvaar is, moet hy/sy die bewyse daarvoor aan die kerkraad voorlê sodat die kerkraad sy besluit kan heroorweeg. SLOT

30/04– Annice Du Venage
076631523130/04– Erika Venter
0726188733

*Mag u ryklik geseënd wees met goeie
gesondheid, liefde en vreugde die hele
jaar deur * 80 jaar en ouer*

Baie gelukmet
u verjaarsdag

Die opgetelde klip val maar weer – CJ Langenhoven

Die Krugertjie

**Gereformeerde kerk Pretoria(d)**www.gkpretoria.org.za OFwww.gk-pretoria.weebly.com

Kerkkantoor Sr. Amanda Tromp

0123262290 (8h00-13h00 Weeksdag)

E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za Faks: 0123265287

Skriba: Oudl. Andries du Plessis 0123268154

Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar

012- 3233194

Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745

Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106

Voorsitter diakonie-Diak Henry Foster 0823772108

Orrelis: Sr. Hanneljie Bezuidenhout : 0837415173

27 April 2014**EERSTE EREDIENS**–(9h00)**Skriflesing:** Mattheus 22:15-46**Teks:** Mattheus 22:17,28,36**Sing:** Ps. 18:1; Ps. 25:2; Ps. Ps. 20:1,2;
Ps. 23:1,2**DIE MENS WIL HOMSELF LAAT
GELD**

Mense wat die kragspel van die politiek in die godsdienste inweef is gevaarlike mense en dit wil hulle nou ook met Jesus probeer.

Hulle kom met vroeë wat nou al nader aan Jesus wil gryp want gaan dit nie net oor geld en belasting nie, maar hulle geslepenheid word 'n uitgewerkte etiese vraagstuk. 'n Huwelikswessie gebind aan 'n lewens- en hemelse kwessie...

KATKISASIE– Geen katkisasie

Katkisasie lesse vir Laerskool op internet beskikbaar by <http://bit.ly/JQjBz4>

TWEDE EREDIENS (10h30)

(Doop verbondskindjie br en sr Von Stade)

Skriflesing: Genesis 50:19-26;

Klaagliedere 3:18-33

Nederlandse Geloofsbelydenis :

Artikel 13

Teks: Genesis 50:20;

Klaagliedere 3:31-33

Sing: Ps. 100:1,3; Ps. 128:4; Ps. 89:6;
Ps. 31:1,12**DIE VOORSIENIGHEID VAN
GOD**

Wie artikel 13 Nederlandse Geloofsbelydenis vandag weer rustig kon deurlees word nie aan die onsekerhede van die lewe oorgelewer nie, maar juis aan die sekerhede. Rustig met oorgawe kan ons woorde lees van hom wat al kry hy hoe swaar, al kyk hy keer op keer weer vas in die dood, al is hyself gedood het dit hom nie laat twyfel, dat te midde van alles en ten spyte van alles wat met hom gebeur, is hy steeds in die hande van die alleenwysse, barmhartige, regverdigte God.

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by <http://bit.ly/XmtQM2>

Eredienste in klank kan geluister word <http://bit.ly/Tettol>

Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee.

Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan

gelees word by <http://bit.ly/12P9mzH>

Predikant:

Ds. Petrus Venter
012- 3356130
0847042348 (P) 0845119620(C)
pjventer@gkpretoria.org.za
9 de Laan 880
Wonderboom-Suid
www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt vandag Wyke 24 en 25 (sluit in susters skinkbeurt)

Ouderlinge: Johan de Jonge en Willie J/v Rensburg

Diakens: Johan du Plooy en Marinus Lorist

Diensbeurt (04/05) (Wyke 1 en 2)

Ouderlinge: Deon Vosloo en Koos van der Merwe

Diakens: Pieter Wolmarans en André Koen

DRA MEKAAR SE LASTE EN DEEL MEKAAR SE VREUGDES...

Sr Joey Klomp wie in hierdie tyd in die hospitaal was word aan die genadetroon van die Here opgedra. Gelukwense aan **br en sr Diederik en Annatjie von Stade** met die geboorte van 'n dogtertjie. Sy word ook al vandag gedoop. Mag sy vir julle baie vreugde en seën beteken. **Br Adriaan Boersma** wat 'n groot operasie moes ondergaan word volle herstel toegebied. Ons bid dat hy volkome genees hierdeur mag gaan. **Sr Muriel Erasmus** wat ook weer terugslae in haar gesondheid gehad het word aan die genadetroon van die Here opgedra. **Br Dries de Ridder** bly in ons gebede in sy swaarkry en benoudheid. Ons broeder gaan deur baie swaar tye. **Br Danie Theunissen** se broer (tegelyk **sr Susan Nienaber se swaer**) is baie ernstig siek. Ons bid vir hierdie families in hierdie tyd. **Sr Margaretha Coetzee** word volledige herstel toegebied na haar knieervanging operasie. **Sr Janet Riekerk** wat geval en haar enkel op drie plekke gebreek het, word aan die genadetroon van die Here opgedra. Ons is dankbaar vir die operasie wat reeds kon plaasvind. Ons vertrou dat die tyd van genesing geseënd mag wees. Sy is tans op die stadium by haar dogter in Bloemfontein. **Ds. Andries Mulder** wat swaar dae deurgaang bid ons dat die Here hom naby sal wees. Ons dink ook aan **sr Henta** wat hom moet bystaan. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. Haar liggaamskragte is min. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar. **Sr Marie du Rand** vroeër van ons gemeente, nou in Gobabis moet baie dringend haar woonstel in Prestige park verhuur kry. n Baie ruim woonstel in die gesogte blok is beskikbaar teen R4500 per maand

GEMEENTE-KAMP

Ons wil graag almal se aandag vestig op die gemeentekamp wat DV hierdie jaar die naweek van 19-21 Sept. gehou sal word. Die nodige besonderhede is alles op die kennisgewingbord aangebring. Dit is belangrik dat ons vroegtydig die name inkry en die nodige bespreking maak. Die plek wat ons die jaar na wil gaan is pragtig maar daar is blykbaar beperkte plek. Ons is dankbaar vir br Boere wat weer vir ons die reëlings hierrondom in plek kry. Hy kan gekontak word by 0834823303

KOLLEKTE

Vandag: 1ste diens	Paul Kruger kinderhuis	Intand-houding
2de diens	DVB	Intand-houding
04/05/2014 1ste diens	DVB	Zambië
2de diens	DVB	Intand-houding

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
15/05	Oudl vergd
18/05	Voorbereiding
25/05	Nagmaal
29/05	Hemelvaart (Erediens 18h30)

SUSTERS EN PAUL KRUGER - KINDERHUIS

Ons vra steeds vir onbederfbare produkte en blikkieskos vir die kinderhuis. Help aub hiermee deur in die karton-houers by kerk se ingang van hierdie produkte te plaas. Diegene wat getrou hiertoe bydrae word bedank. Daar het deur die jaar heelwat produkte op die manier hulle weg na die kinderhuis gevind. Ons vestig ook u aandag op die SMS-nummer. Tik die woord PKK en SMS dit na 41092. Met elke SMS maak u 'n R25-00 bydrae. Die susters bedank almal vir hulle donasies in susters se donasiekas by die teeskink....

DIE EVANGELIE: MATTHEÛS

Vervolg van verlede week

MATTHEÛS 14

Jesus loop op die water

14:22-23, gedwing – Uit Joh 6:15 weet ons dat die skare Jesus na die vermeerdering van brode met geweld wou koning maak. Dit is te verstane dat die Dissipels in so 'n geval wil bly. Hulle het steeds nie verstaan dat Sy Koninkryk nie van hierdie aarde is nie, en sal wil by wees as Jesus die troon aanvaar. Daarom moet Hy hulle dwing om te vertrek. Nou gaan Christus eers bid, om dan weer deur 'n wonder op see hulle geloof in Hom versterk.

14:24-27, geteister deur die golwe – Anders as toe Jesus tevore 'n storm gestil het (8:23-27), is Hy nie nou by die Dissipels nie. Hulle geloof word weer beproef, maar op 'n heel ander manier.

Wandelende op die see – Die Dissipels ontvang 'n verdere openbaring dat Christus totaal bo die wette van die natuur en die natuur self staan. Met hierdie buitengewone verskynsel kan hulle nie anders as om in bygeloof bevrees te raak nie, en Jesus stel hulle gerus.

14:28-32, Petrus – Die gebeurtenis met Petrus kom nie by Mark en Joh voor nie. Daar is verklaarders wat Petrus se bedoeling as volg sien: dat dit nie is dat hy vra om op die water te loop nie, maar dat hy na Jesus toe wil kom. Dit word dan nie gesien as sensasie-soeke van Petrus nie. Hy glo dat Jesus sy volgelingen kan laat doen wat Hy doen. Christus vermaan hom nie oor die versoek nie, maar laat hom kom. Wanneer Petrus bang raak, twyfel hy, en hy word vermaan oor sy twyfel. Sy geloof en liefde vir Christus is niks mee verkeerd nie, maar hy moes nog volle vertrou leer. Een kommentaar wys daarop dat Christus eers red, en dan vermaan. Aan Jesus se hand kan Petrus saam die skuit bereik. Dan hou die storm op.

14:33-37, U is die Seun van God – Die Dissipels sou weet van die openbaring van Jesus as Seun van God, by Sy doop. Hulle sou selfs die uitgedrewe duiwels dit hoor uitroep. By hierdie wonder, nou saam met al die ander heerlike dinge wat hulle gesien en gehoor het, kan hulle nie anders as om Hom so te vereer nie. As Israëliete moes hulle bewus wees dat hierdie Naam beteken dat Hy ook God is, maar tog het hulle nog nie geweet nie.

Hulle het nog lank gewyfel, en eers met Pinkster

tot volle kennis gekom.

Gennesaret – Van die N-O deel van die meer, is nou verskuif na die noord-weste. Hier word Christus se liefde en deernis weer voluit getoon in die genesing van mense.

MATTHEÛS 16

16:1, Sadduseërs – Tevere is slegs gehoor dat die Fariseërs en *Skrifgeleerdes* Jesus dopgehou het. Hierdie is die eerste keer waar gemeld word dat die Sadduseërs met hulle saamspan. Dit was 'n party wat die heidense, Griekse, kultuur aangehang het en 'n paar afwykings van die Fariseërs gehad het. Hulle het bv die opstanding, die bestaan van engele en wonders geloën. Hulle het redelik magtige leiersfigure gehad, naamlik die priesters, wat groot invloed in die staat gehad het. Hulle gesamentlike teenstand teen Christus het gemaak dat hulle teen Hom saam-gespan het.

teken uit die hemel – Met hierdie versoeking kan mens die sarkasme en ongelooft gevoel – uitdagendheid: "Toe bewys vir ons iets." Hulle wil Christus voor die mense in diskrediet bring. Hulle het geglo dat duiwels wel sekere wonders op aarde kan doen, maar slegs God kan tekens uit die hemel gee, bv die manna, die son wat stilstaan, ens. Hoewel die mense sou praat van die vermeerdering van die brode, was dit nie vir die Fariseërs 'n bewys van goddelike mag nie.

Of Jesus sou weier om 'n teken te doen, en of Hy iets sou probeer en faal – glo hulle – sal dit Hom in 'n slegte lig stel. Hulle kan nie verloor nie.

Op die selfde wyse as wat die Fariseërs tekens wou sien, wil mense dit vandag nog hê. Dit verklaar die sukses van mense soos die Adventiste en Jehowa's wat mense verlei met profesieë oor die Wederkoms. Sensasiesoekers stroom na "genesingsdienste" en geesdrywers. *Totius praat in 'n preek oor Openb 1 daarvan, en noem al hierdie soekery ongelooft. Ook Openbaring was nie bedoel as 'n almanak om nuuskierigheid te bevredig nie.*

Waarsêry en towery is ook "nie profesie nie, want dit is nie met die geloof gemeng nie." Word vervolg

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

20 Apr. 1820– Port Elizabeth word aangelê; 22 Apr. 1858– Ds. Dirk Postma vertrek met die Estafette uit die hawe Nieuwe Diep na Suid-Afrika; 23 Apr. 1928– Doc Immelman gebore; 25 Apr. 1901– Carel Trichardt oorlede; 29 Apr. 1875– Tweede trek na Damaraland ; 1 Mei 1860– Hoofsetel van die ZAR verskuif vanaf Potchefstroom na Pretoria; 1 Mei 1882– Hollands toegelaat in Kaapse parlement; 5 Mei 1861– Ingebruikneming van eerste kerkgebou in Burgersdorp; 5 Mei 1975– SAUK begin met proef televisie-uitsendings in SA; 7 Mei 1880– tweetoringkerk in Bloemfontein in gebruik geneem; 9 Mei 1872– Danie Theron gebore; 9 Mei 1883– Paul Kruger as staatspresident ingesweer; 10 Mei 1945– Sanger Koos du Plessis gebore; 12 Mei 1898– Paul Kruger die laaste keer as staatspresident ingesweer; 12 Mei 1652– Die eerste Nagmaal in SA bedien deur ds. J Backerus; 12 Mei 1859– Gerf kerk Reddersburg gestig; 14 Mei 1699– Goew Rijk Tulbach gebore ; 14 Mei 1996– Skrywer Elsabe Steenberg oorlede; 2 Mei 1875– Dr. DF Malan gebore; 22 Mei 1879– Ds. Dirk Postma as Teol prof. bevestig; 28 Mei 1911– Ds. SJ du Toit oorlede